

hulle het altwee bedank, en tegelykertyd merk Oupa op: „Het jy dan al vergeet, Kasper, dat Johannes en ek nooit rokers was nie?”

Hierop het Kasper 'n bietjie gebloos, en lag-lag verskoning gemaak dat hy dit met die loop van jare al vergeet het. Toe het hy self 'n sigaret aangesteek, en onderwyl hy die rook omhoog blaas en na die plafon kyk, merk hy op: „Oom Hendrik, ek sien julle boer met opregte skape, want vanmôre, toe ek met die motorkar gekom het, het hulle net langs die pad gewei, en toe het ek hulle so 'n bietjie deurgekyk. Ek boer ook met opreggeteelde skape, en sonder om julle nou te na te kom of om groot te praat, wil ek net dit sê, dat my skape 'n baie beter ras is, en wat julle ook sal erken as julle hulle sien. Ek kry al jare van drie tot vier pennies per pond meer vir my wol as my bure wat ook met opreggeteelde skape boer. Nou het ek vanmôre besluit, as julle my dit nie sal kwalik neem nie, om aan julle, sodra ek weer tuiskom, vyftig tweejaaroud-uitsoekooie met 'n eerste-klas ram present te stuur.”

„Ons bly jou hartlik dankbaar, Kasper,” laat Oupa hom hoor, „vir jou gewaardeerde en gulhartige aanbod, maar ons ag dit onbillik om so 'n kosbare geskenk aan te neem.”

„Nou ja, oom Hendrik,” lag Kasper, „of Oom en Johannes nou al julle toestemming

gee of weier, ek *moet* tog die skape stuur, en in plaas van vyftig ooeie en een ram, sal ek dit verdubbel en kosteloos op julle stasie aflewer. My rede daarvoor is dat dit die wens van my oorlede vader was. Soos Oom seker nog sal onthou, was daar altoos so 'n soort van misverstand tussen Oom en my vader gewees, en dit het hom verskriklik gehinder, en veral in die later tyd van sy lewe en nog tot kort voor sy dood het hy volgehou dat dit sy skuld was, en sy laaste versoek was nog: „My kind, vergoed tog vir oom Hendrik, so goed jy kan, die leed deur my hom aangedaan.” En nou sal oom Hendrik en Johannes tog nie my aanbod van die hand kan wys nie, want ek is maar 'n nietige werktuig in die hande van my oorlede vader om sy laaste wens te volbring.”

„Kasper,” helder Oupa op, „ons sou onder geen omstandigheid jou aanbod aangeneem het nie,” en met trane in sy oë vervolg hy, „maar ek is in my hart verheug om te verneem dat jou oorlede vader sonder haat teenoor my in sy graf gedaal het. Ons neem jou aanbod aan. Hartlik dank.”

„Ja,” voeg Johannes by, „en ons sal, wanneer die skape aankom, hulle altoos as 'n band van die verlede en teenswoordige vriendskap waardeer, mits ons die versekering het dat jy jouself nie te kort doen nie”

„Nie die minste nie,” laat Kasper daar beslis op volg. „Ek wil nou nie spog of grootpraat nie, maar aangesien ons famielie is, wil ek julle iets van my geskiedenis meedeel. Jy sal jou nog herinner, Johannes,” begin Kasper met sy verhaal, „toe ons nog kinders was, het ek eendag op ons plaas in jou teenwoordigheid onder ’n groot wilgerboom hierdie K op my arm getatoeër?” en hy ontbloot sy arm.

„Ja,” antwoord Johannes met ’n glimlag, „en toe . . . .”

„Nee, nee,” belet Kasper hom, „nie ’n woord verder nie, want aan my kinderjare is droefhede verbonde waarvan niemand weet nie, en sodra daar sprake is van die tyd toe ek nog op die plaas gewoon het, dan ontstem dit my so dat ek kan mal word; dus moet julle my beloof dat niemand met my gedurende my verblyf hier oor daardie tyd sal praat nie.

„Ná die dood van my oorlede vader het ek met die erfdeeltjie wat my toegekam het, my so spoedig moontlik uit die voete gemaak om nooit weer terug te keer nie. Een van die redes waarom ek nooit aan julle geskrywe het nie, was uit vrees dat julle in jul briewe my aan my verlede sou herinner.

„Dit het met my baie voorspoedig gegaan, en al my ondernemings het pragtige winste

afgewerp, sodat ek nou in Vryheid twee goed-bewerkte plase het van tweeduisend morge elk. Op elke plaas het ek tweeduisend opreg-geteelde skape; maar met die lamtyd wat nou op hande is, sal die grootte van die grond ontoereikend wees vir die hoeveelheid vee. Nou is ek genoodsaak om nog grond aan te koop, en dit is een van die redes, soos ek aan Helena in my brief meegedeel het, waarom ek nou hier is.

„Die plaas grensende aan my grond is 'n pragtige, waterryk plaas, met uitgestrekte grasvlaktes en deurkruis met lopende water. Ek het verneem dat die plaas te koop is, maar ongelukkig woon die eienaar daarvan nie self daar nie, maar hy verhuur dit. Ek het al hot en haar agter hom geja, maar sodra ek op 'n plek kom waar ek meen om hom te vind, word ek met teleurstelling in kennis gestel dat hy alweer vertrek het. Maar nou het ek, toe ek aan julle geskrywe het, sekuur uitgevind dat hy hom hier op julle dorp vir 'n paar dae sal ophou, waar ek hom ook gister ontmoet het.

„Hy is ook gewillig om die grond aan my af te staan vir drieduisend pond, en hy het my tyd gegee tot môre. Dié kans sal ek nooit weer kry nie, want die plaas is enige tyd vierduisend pond werd. Dit is ongeveer drieduisend morge, en daarby pragtig bewerk. Die geboue en skure is uitmuntend,

en die woonhuis is 'n sierlike dubbele verdieping.

„Gister het ek aan hom voorgestel om my tyd te gee om terug te gaan om sakies met die geld by die huis te gaan reël, maar hy het beslis geweier, daar hy op vertrek staan na Europa; en as hy nie nou kan verkoop nie, sal hy dit laat oorstaan totdat hy terugkom oor twee jaar.

„En daar lê my moeilikheid, want, soos ons weet, is drieduisend pond nie so 'n klein bedraggie om dadelik te stort nie. Ek het dit goed gedag om oom Hendrik te versoek om vir my in die bank borg te staan vir die bedrag vir net 'n maand, dan sal ek julle 'n bewys gee vir die bedrag, plus tweehonderd-en-vyftig pond vir julle ondersteuning.”

„Kasper,” laat Oupa hom hoor, „ek sou dit van alle harte wil doen, maar ek glo nie dat die bank my borg sal aanneem nie, want daar rus alreeds 'n verband van duisend pond op die grond.”

„Dit sou ongelukkig wees, oom Hendrik, maar in ieder geval kan ons darem probeer, want dit sal my uit 'n lelike knyp help; en as die bank dan nie wil nie, is dit tot daarnatoe. As Oom en Johannes nie omgee nie, kan ons maar nog vanmiddag oorry om uit te vind; en kom ons dan reg, kan ek nog vandag die koop sluit. Had hierdie moeilikheid nou

maar liewer by die huis plaasgevind, dan was die omslagtigheid nie nodig nie.”

„Wel, Johannes,” verneem Oupa, „wat dink jy daarvan?”

„As Pa gewillig is, het ek daar niks op teë nie, maar dan sal ons ’n dokument optrek waar alles breedvoerig sal omskrywe word, sodat in geval van dood ons sal gewaarborg bly. Maar voordat ons daartoe oorgaan, wil ek eers ’n onderhoud met Helena hê.”

Johannes se laaste woorde het Kasper glad nie op sy gemak laat voel nie, maar hy het probeer om dit nie te laat merk nie, en gedurende Johannes se afwesigheid het hy vir Oupa besiggehou met allerhande soorte van wonderlike reisverhale.

Johannes het Helena in haar kamer ontmoet, naas haar plaasgeneem, die toedrag van sake breedvoerig meegedeel en haar te kenne gegee dat daar ’n seker mate van twyfel bestaan of die persoon werklik Kasper is, en hy wou ook verneem wat haar gevoelens daarentrent was.

Helena het aandagtig na Johannes geluister, en toe hy eindig, het sy gesê: „Dit is al vier-en-twintig jaar gelede dat ek my broer laas gesien het, en toe was hy nog baie jonk, want, soos jy weet, is hy twee jaar jonger as ek, en natuurlik sedert dié tyd het hy baie

verander ook; maar nietemin voel ek ook dat dit nie Kasper is nie. Maar om seker te maak dat dit wel hy is, moet daar 'n getatoeëerde *K* op sy linkerarm wees, en om dit te weet moet ons hom vra om sy arm te ontbloom. Ek het nie die vrymoedigheid nie, en ook sou so 'n versoek 'n bietjie aanstootlik lyk. Dit is maar alte jammer dat ek nie vanmôre langer by hom in die kamer vertoef het nie, dan sou ek dit gemerk het; want oombliklik nadat hy my gegroet het, het ek al agterdog gekoester.”

„Ek was teenwoordig,” lig Johannes in, „toe die voorwerp op sy arm getatoeëer is in ons kinderjare, en hy het my netnou daaraan herinner en sy arm ontbloom om my die *K* daarop te toon.”

„So?” sê Helena verslae. „Dan is hy werklik my broer? Maar hoe die tyd tog 'n mens kan verander! Arme Kasper was altoos baie teergevoelig oor 'n voorval wat hy as kind met 'n Kaffertjie gehad het.”

„Daar het ek nooit van gehoor nie,” merk Johannes verwonderd op. „En wat was dit nogal?”

„Kasper en 'n Kaffertjie,” vervolg sy, „het 'n uitval gehad, en toe het hy die kleinjong met 'n skerp voorwerp in sy maag gesteek, met noodlottige gevolge. Vader het die gebeurtenis so goed moontlik doodgesmoor en die moeder van die Kaffertjie

goed beloon, en niemand anders as ons huisgesin en die meid het iets daarvan geweet nie. Onmiddellik ná Vader se dood het Kasper hom uit die voete gemaak, uit vrees wellig dat die meid, noudat Vader dood was, sou verklap. Maar sy is ook al dood, en van Kasper het ons nooit weer iets verneem nie as nou.”

Johannes het toe weer teruggekeer, in sy gemoed oortuig dat die persoon werklik Kasper was. Hy het nou begryp waarom Kasper nie aan sy kinderjare wou herinner wees nie, en ook het die geheimsinnige agterdog omtrent Kasper se identiteit verdwyn.

„Nou ja, Johannes,” sê sy vader toe hy sy verskyning maak, „as jy nie beswaar het nie, moet jy maar die nodige stukke optrek vir Kasper om te teken, min die twee-honderd-en-vyftig pond; dan kan ons maar nog vanmiddag dorp-toe ry om uit te vind of daar ’n moontlikheid bestaan om Kasper te help.”

Nog dieselfde namiddag ná die ete was al drie in die motorkar dorp-toe om ’n onderhoud met die bankbestuurder te hê. Hy het, weens die vertrouwe wat hy in Oupa en Johannes gestel het, nie, soos Oupa vermoed het, beswaar gemaak nie, en gou was die wissel, betaalbaar oor ’n maand, onderteken deur Oupa en Johannes, uitgemaak en die vereiste bedrag, min die rente, aan Kasper oorhandig.



Haastig het Kasper met Oupa en Johannes in die motorkar 'n draai in die rigting van die hotel gemaak. Oupa en Johannes sou maar in die motorkar bly solank Kasper 'n kort onderhoud met die eienaar van die grond wat hy sou koop, gehad het. Tien minute daarna het Kasper opgeruimd en hoogs tevrede weer sy verskyning gemaak, want, soos hy voorgegee het, was alles nou in orde. Maar ongelukkig moes hy nog dieselfde aand weer terugkom, want meneer Cook—soos Kasper voorgegee het dat die meneer heet—het vandag 'n telegram ontvang dat hy 'n dag eerder moes vertrek en graag nog vanaand die koopbrief wou optrek, sodat hulle dit kon teken en dadelik aan die bankbestuurder op Vryheid stuur, waar die transport van die grond in bewaring lê, sodat die bestuurder weer die koopbrief saam met die transport aan 'n deur Cook benoemde prokureur kon oorhandig vir oordrag op Kasper se naam.

Vroeg die agtermiddag was aldrie weer terug op Geduld, en toe hy haas afskeid sou neem het hy Oupa en Johannes op roerende wyse hartlik bedank vir hulle milde ondersteuning, en ook sy bittere teleurstelling te kenne gegee dat sy kort verblyf nog deur onvermydelike omstandighede moet ingekort word; maar hy sou seker, sodra sy sakies gereël was, vir een of meer weke kom kuier, ook om te sien hoedat die skape wat hy sou

stuur, op Geduld aard. Daarna het hy een van sy goue horlosies losgeknip en dit aan Johannes as aandenking oorhandig, en sy aandag op 'n K gevestig wat op die dop daarvan gegraveer was.

Kasper het gou gegroet en hulle alle heil toegewens, en haastig het hy in sy motorkar geklim en laat trek. Nog 'n slag het hy met sy hoed vaarwel gewaai—en Kasper was weg!

Net 'n week ná Kasper se vertrek het daar weer 'n nuwe motorkar opgedaag wat baie op dié van Kasper gelyk het, maar dié slag was dit nie Kasper nie, soos Oupa eers vermoed het, maar 'n wildvreemde man, wat hom as Copper voorgestel het.

Oupa het die motorkar sien kom, en toe dit stilhou voor die deur, het hy gegaan om die persoon te groet. Nadat Copper hom voorgestel het, het Oupa hom na die huis genooi. Copper het toe plaasgeneem in die sitkamer en begin gesels. Eers het dit oor die weer en toe weer oor die boerdery gegaan, en so ongemerk het hy verneem of daar nie moontlik-onlangs by hulle 'n vreemde man met die naam van John Reckless was nie.

„Nee,” antwoord die niks vermoedende Oupa, „van so 'n naam het ek nog nooit gehoor nie. Die enigste persoon wat onlangs hier met 'n nuwe motorkar was, is die broer van my skoondogter, Kasper Uys.”

E

„Kasper Uys?” herhaal hy met nadruk en opgewondenheid. „Dan is dit die man wat ek soek. Kyk, meneer Truter, ek is hier op las van die Speurdiensdepartement om dié persoon op te spoor. Hy het weer, soos sy gewoonte is, hom onder ’n skuilnaam voorgestel, maar sy werklike naam is John Reckless.”

Net toe maak Johannes en Helena hulle verskyning, en nadat Oupa hulle aan Copper voorgestel het, merk hy in opgewondenheid op: „Helena, jou vermoede omtrent die identiteit van die persoon wat ’n week gelede hier was, is juis. Maar ek sal dit aan meneer Copper oorlaat om ons nader in te lig.”

„Die persoon wat hier was, heet eintlik John Reckless, *alias* Kasper Uys, en nog ’n boel ander name. Kasper Uys,” gaan hy voort, „het op ’n tragiese wyse om die lewe gekom ’n jaar gelede, en daar het sterk vermoede bestaan dat Reckless daarin betrokke was. Kasper, soos voorgegee is, sou gif gedrink het, maar die glas wat voor sy bed gevind is en die gif bevat het, het ook deur ’n mikroskopiese ondersoek vingermerke van Reckless geopenbaar; maar Reckless het in die ondersoek bewys gelewer dat hy die nag met Kasper se dood op ’n ander plek was. Ook was dit moontlik dat hy met ’n vorige geleentheid die glas kon gehanteer het, daar hulle in dieselfde vertrek woonagtig was.

Kasper het 'n bietjie geld gehad, en kort ná sy dood was Reckless se finansiële posisie aansienlik verbeter.”

„Nou ja,” sê Oupa, „nou herinner ek my dat ek die berig in die koerant gesien het, en ek dink dat die ou koerant nog te vind is. Wag, ek gaan kyk. Maar dit was so onduidelik gedruk dat ek net die naam van Copper onthou.”

Oupa se voorgenome plan het Copper glad nie aangestaan nie, en ook het dit hom glad nie op sy gemak laat voel nie, en hy het vir Oupa versoek om hom maar die moeite te bespaar, en verder het hy verduidelik dat sy naam wel in die beriggie verskyn het, maar slegs as speurder; en het toe dadelik weer begin: „Reckless was die ewebeeld van Kasper Uys, en hy het die kuns om na te boots so knap verstaan dat, as hy sy gelaatstrekke kon verander, hy in staat sou gewees het om hom as enige persoon voor te doen. Hulle voorkome was so presies eners dat Kasper op sekere geleentheid per abuis in hegtenis geneem is vir 'n misdad deur Reckless gepleeg. En om die onderskeiding van die twee vriende—want hulle het lank saam verkeer—nog meer meer te bemoeilik, het Reckless op sy linkerarm 'n K getatoeër, presies op dieselfde plek waar dit op Kasper se arm voorkom.

„Gelaatkundiges,” gaan Copper voort, „is van oordeel dat as tweelingkinders wat presies die ewebeeld van mekaar is, onder verskillende omstandighede sal opgroei, hulle gelaatstrekke in hulle later leeftyd hemelsbreed van mekaar sal verskil, deurdat die neigings wat in hulle skuil, of dit nou goed of kwaad is, aangemoedig of onderdruk word. En as dit dan waar mag wees, sal dit ’n raaisel bly hoe Reckless en Kasper Uys, die ewebeeld van mekaar, so oneindig van mekaar kon verskil het. Kasper was onbesproke, en Reckless ’n skurk.

„As Reckless nog nie hier kwaad aangereg het nie,” vermaan hy, „kan julle maar op julle hoede wees, want hy is ’n geslepe vabond, soos uit die volgende sal blyk:—Ná Kasper se dood het hy hom as boerekneg by sekere Koster, in die distrik Queenstown verhuur. Koster het so ingenome geraak met sy beleefde, vrymoedige en skynbaar eerlike kneg, dat hy dit Reckless later toevertrou het om sy geld op die bank te doen, asook die trek van groot bedrae deur tjeks, wat Koster natuurlik altoos self onderteken het, maar deur Reckless uitgemaak is.

„Toe Reckless merk dat die bank hom vertrou—want op sekere dag is aan hom per abuis in die bank vyf pond te veel uitgekeer, wat hy by ontdekking dadelik terugbesorg

het—, het hy sy kans waargeneem, en toe op 'n goeie dag Koster om verlof van afwesigheid vir vier dae gevra, wat hom geredelik toegestaan is.

„Toe het hy Koster om 'n voorskot van een pond gevra, en daar Koster alle uitbetalings van 'n pond of meer deur tjeks laat geskied, het hy Reckless gelas om 'n tjek vir dié bedrag uit te maak. Reckless het toe doodeenvoudig die woorde ,een' en ,pond' so ver uitmekaar geskrywe dat die ruimte daartussen voldoende was om die woord ,duisend' in te vul, wat hy ook later gedoen het.

„Die bedrag, sonder dat dit agterdog verwek het, het hy getrek, want sy naam het nie eens op die tjek voorgekom nie, maar in plaas daarvan die woord ,Self', en met Koster se naam agter op die tyeke geëndosseer.

„Met die geld het hy 'n splinternuwe motorkar gekoop, en, gewapen met die kennis wat hy van tyd tot tyd uit Kasper geput het aangaande hierdie streke, het hy hom na alle waarskynlikheid hierheen begewe om sy vernuf andermaal op die proef te stel.”

„En hy het heeltemal geslaag ook,” lig Johannes in, en hy het toe die toedrag van sake in sy geheel aan Copper meegedeel, waarvan Copper aantekeninge in sy sakboekie gemaak het. „Daar sal na alle waarskynlikheid,” gaan Johannes voort, „maar

min kans bestaan om so 'n deurtrapte skelm op te spoor, want hy sal hom in een of ander skuilhoek versteek totdat die winde van naspewing oorgewaai het. Ek verskoon my vader heeltemaal,” eindig hy, „want as ek in sy plaas was, sou ek presies so gehandel het.”

„Ek dink, meneer Truter,” sê Copper, „dat daar groot kans bestaan om Reckless te betrap en die meeste van die gesteelde geld terug te vind, want ek het inligting in my besit wat ek nie nou kan openbaar nie. Maar stel julle maar gerus en laat niemand iets van die voorval weet nie. My Departement sal alles in sy vermoë doen om die skelm op te spoor.” En daarop het hy vertrek.

Oupa het sy spyt en teleurstelling oor die gepleegde bedrog te kenne gegee en bygevoeg : „Oor myself is ek nie in die minste bekommerd nie, want die sterke arm van God, op wie ek vertrou en 'n Elia deur 'n raaf kon gevoed het, is nog nie verkort nie, en ek berus heeltemaal in wat in een van ons Psalms uitgedruk word :—

Maar de Heer zal uitkoms geven,  
 Hij, die 's daags zijn gunst gebied;  
 'k Zal in dit vertrouwen leven,  
 En dat melden in mijn lied.  
 'k Zal zijn lof, zelfs in den nacht,  
 Zingen, daar ik Hem verwacht,  
 En mijn hart, wat mij moog' treffen,  
 Tot den God mijns levens heffen.

„Ek weet,” gaan Oupa voort, „dat my loopbaan haas ten einde snel, en verlangend sien ek uit na die salige oomblik wanneer ek haar—my troue metgesel deur lief en leed, aan wie ek so innig verbonde was op hierdie ou tranedal vol van kommer en verdriet—weer sal ontmoet, om vir ewig saam met haar by my Heer te wees. Maar wat my so baie hinder, is julle toekoms wat so deur my toedoen bemoeilik is. Julle moet my dit vergewe, want die motief was tog nie geldgierigheid nie, maar liefdadigheid.”

Martha en Maria was nou ook teenwoordig, en Martha het haar verontwaardiging te kenne gegee en ook nie geskroom om dit in sterk taal uit te spreek nie; maar sy het haar tog heimlik getroos dat haar Pa nou verplig sal wees om na een of ander stad of dorp te verhuis.

Maria, daarenteen, het met betraande oë haar oupa tegemoet gesnel en hom omhels, en toe plaasgeneem naas hom, en in kinderlike onskuld haar oupa getroos. „Oupa,” so begin sy, „ek bewonder en admireer Oupa se Christenmoed. Dit is opbouend en opbeurend om, nes Job, te midde van donker beproewing en skynbare verlatenheid, nog aan die waarhede van die Almagtige vas te klem; en Oupa se vermaning aan ons altoos: ,Wie op die hoë God vertrou, het seker nie



op sand gebou,’ moet nou vir ons ’n spoor slag wees om moedig die toekoms tegemoet te gaan en met kinderlike opregtheid op die onfeilbare God vertrou.”

„En, my kind,” sê Oupa, „dit is die regte stemming, en net soos ’n welriekende blad moet vermaal word om die lieflike geur daarvan te ontlok, net so het die Liewen-Heer ons besoek om te sien of ons nie moontlik ’n onwelriekende blad was wat deur beproewing ’n walglike geur sou gee nie; en, my kind, as die donker wolke van beproewing in jou toekomstige loopbaan mag saampak, onthou dan wat in Zach. 14 : 7 voorkom : „Het zal geschieden ten tijde des avonds, dat het zal licht wezen’—en die donkerheid waarin julle nou verkeer, sal nie in middernagtlike duisternis oorgaan nie.” En Oupa eindig met die woorde van die vierde vers van Gesang 21 :—

Diepe wijsheid zijn uw paden,  
 Wijsheid zonder eind of paal  
 Zijn, o hooge God! uw daden.  
 Zijn uw wegen altemaal,  
 Zijn ze zuurheid, zijn ze zoetheid,  
 Wij aanbidden, zwijgen stil;  
 Want de wezenlike Goedheid  
 Maakt het goed met dat Zij ’t wil.

„Oupa,” begin Helena onderwyl daar trane in haar helderswart oë te voorskyn

kom, „die voorval gaan my baie ter harte, en ek voel, o, so skuldig, want indirek is ek tog die oorsaak daarvan. Was ek nie met Johannes getroud gewees nie, sou Reckless nooit sy verskyning hier gemaak het nie.”

„Ag, Ma,” val Johannes haar in die rede, „gedane sake het geen keer nie, en om die terugslag wat ons gely het, aan een van ons toe te skrywe, is verkeerd. Ons moet maar net soos die swaweltjies, wanneer hulle nessie afgesteek word, nie tyd verloor om te treur nie: ons moet maar moedig aan die werk raak en die gelede skade herstel, want waar 'n wil is, is 'n weg.”

Die daaropvolgende môre, toe Johannes, na ouer gewoonte, besig was om die nodige bevele aan sy werkvolk te gee, het Oupa, soos hy gewoon was, nie sy verskyning op die werf gemaak nie; maar daar dit al, en veral in die laaste tyd, gebeur het dat Oupa weens ongesteldheid nie sy kamer so vroeg verlaat het nie, het niemand te groot ag daarop gegee nie. Maar toe dit tyd vir ontbyt word en Oupa nog nie sy verskyning gemaak het nie, het Helena saggies aan sy kamerdeur geklop om te verneem wat dan die oorsaak was dat Oupa vanmôre so buitengewoon laat slaap. Toe sy nie antwoord kry nie, het sy vir Johannes geroep.

Johannes het versigtig die deurknop in sy hand geneem, die slot geruisloos oopgedraai

en voetjie vir voetjie die kamer binnegestap in die rigting van Oupa se bed. Skynbaar het Oupa nog rustig geslaap, maar by nader ondersoek het dit geblyk dat Oupa sy ewige rus ingegaan het, en dat sy wens gister uitgespreek al so spoedig daarop vervul was.

„Ag, my dierbare vader,” roep Johannes in droefheid uit in teenwoordigheid van Helena naas die bed van sy gestorwe vader, en hy kon sy trane nie bedwing nie, „hoe zijn de helden gevallen!”

’n Sagte kalmte het die yskoue gelaat gekenmerk, en om die mond het ’n lieflike glimlag gespeel asof die laaste woorde wat deur die dood geslote mond gegaan het, kon gewees het : „Ek kom, Here Jesus, ek kom!”

„Hoe ondeurgrondelik is tog die weë van die Liewen-Heer,” sê Helena onderwyl sy haar sakdoek op haar betraande oë druk, „en hoe raadselagtig vir die agterblywendes! Hier word ’n voorbeeldige steunpilaar weggeruk, terwyl daardie woestaard sy lewe in roekelose losbandigheid deurbring.”

Hulle het toe die dodekamer verlaat, maar eers die vensters opgeskuiwe en die blindings afgetrek en die deur weer dig gedaan. Johannes het toe per brief die skielike dood van sy vader aan die bevoegde outoriteite

bekend gestel, en by ondersoek het dit geblyk dat hartverlamming die oorsaak van Oupa se dood was. Sy stoflike oorskot is toe plegtig te midde van 'n deelnemende vriendskaar ter aarde bestel, en Oupa het Johannes en sy famielie agtergelaat om sy skielike en onverwagte heengaan te betreur.

As eksekuteur in die boedel van sy vader het Johannes kennis van die bank van die vervalldag van die wissel gekry, maar dit kon òf vereffen òf vernuwe word. Van vernuwing was geen sprake nie, en Johannes het besluit, daar dit 'n uitgestorwe boedel was, om sake maar so spoedig moontlik te reël en die skulde te vereffen; en daarna het hy met vierhonderd pond in sy besit met sy famielie na Johannesburg vertrek.

Helena het daar siek en neerslagtig aangeland, lydende aan senuverswakking. Martha en Maria het dadelik 'n advertensie in 'n dagblad geplaas, en Johannes was besig om hulle nuwe, gehuurde woning in Jeppe in orde te bring en te meubileer. Weens die ongesteldheid van Helena was hy genoodsaak vereers om maar tuis te bly, maar hy sou, sodra sy beter was, planne vir die toekoms begin beraam.

Die advertensie van Martha en Maria het goeie vrugte afgewerp, want kort ná die verskyning daarvan het dit hulle altwee in

'n besigheidsinrigting die betrekking van tikster verskaf. Die salaris wat hulle met die aanvang van hulle dienste getrek het, was nie so groot nie, maar dit het darem daartoe bygedra om die huishoudelike uitgawes te dek; en met nougesette eerlikheid en gewilligheid het dit gou beter gegaan, en hulle nog verder in staat gestel om hulle vader en moeder te ondersteun. Dit was ook nodig, want hulle moeder het by die dag agteruitgegaan, en die onkoste verbonde aan doktersdienste het gou 'n gat in Johannes se kapitaal gemaak. Hy het al verskeie dokters geraadpleeg en almal het van mening verskil, en toe het hy besluit om 'n spesialiteit in te roep, wat besluit het dat sy dadelik na 'n hospitaal moes vervoer word. Maar watter pogings ook al aangewend is, die onvermydelike dood het tog ingetree ná 'n lyding van byna 'n jaar.

Soos kan verwag word, was Johannes en sy dogters rasend van verdriet oor die dood van Helena, en wat hulle nog meer ter harte gegaan het, was dat hulle dierbare afgestorwene haar laaste rusplaas in die vreemde moes ingaan; en dan nog onder so min belangstelling weens die beperking van hulle vriendekring. En die wemelende massa van Johannesburg neem blykbaar net so min notiesie van die teraardebestelling van 'n vreemde as die bruisende golwe van die see

wanneer 'n drenkeling daarin worstel om die lewe.

Johannes het hom die dood van sy vrou so aangetrek dat dit 'n lustelose swarmoedigheid veroorsaak het. Hy het min geëet en stil geword. Die bediende wat hulle gehad het tydens Helena se siekte, het hy afgedank, en saam met sy dogters hulle maaltye in 'n restaurant geneem. Kort daarna is Martha met Pieter Engelbert getroud, wat as prokureur in Johannesburg gepraktiseer het; en 'n rukkie daarna is Maria met die bestuurder van die inrigting waar sy werksaam was, Gysbert de Waal, getroud.

Gysbert en Maria het by Johannes aangedring om maar die huishouding te staak, en solank dit hom geval by hulle in te woon; maar Johannes het die aanbod met hartlike dank van die hand gewys.

Martha en Maria, met hulle mans, het hom so af en toe besoek; maar omdat hy so stil en ongesellig was, het hulle besoeke al lang-samerhand verminder, insonderheid dié van Martha en haar man. Op 'n goeie dag, egter, was Maria met haar motorkar by die woning van haar vader met die doel om hom uit te neem in die buitewyke van die stad; maar tot haar grootste verwondering was die woning gesluit en al die meubels verwyder,

en niemand kon haar enige inligting omtrent haar vader verstrek nie.

Nog dieselfde namiddag het Gysbert en Maria, van Kensington, waar hulle in hulle eie huis gewoon het, met die motorkar oorgery na Yeoville, waar Pieter en Martha woonagtig was, om aan hulle die skielike verdwyning van hulle vader mee te deel.

„Net soos ek verwag het,” laat Martha daarop volg, „want Pa was in die laaste tyd so stil en stuurs, wat moontlik veroorsaak was deur die dood van ons moeder; maar tyd, die groot heelmester, sal wel daartoe in staat wees om hom weer tot verhaal te bring.”

„Martha,” laat Maria haar met verontwaardiging hoor, „ek sou waarlik nie, as ek in jou plaas was, so gevoelloos oor ons dierbare vader praat nie. Die finansiële verliese wat hy gely het, het hom nie ontmoedig nie; maar toe die liefdeband deur die dood van ons liewe moeder gekap word, het sy teergevoelige en menslike hart onder die druk daarvan beswyk.”

„En,” val Gysbert haar in die rede, „hy kan miskien dood wees, Martha! Wat dink jy, Pieter? Sal dit nie raadsaam wees om die voorval aan die polisie te rapporteer en ’n kennisgewing in die koerant te plaas nie?”

„Ons kan dit doen,” antwoord Pieter huiwerig, „maar as hy werklik dood is—wat

ek nie glo nie, want volgens wat Maria vertel, is die huis waarin hy gewoon het, leeg, en het hy na alle waarskynlikheid die huisraad verkoop en na 'n ander oord verkas—as hy dan dood is, sal sy lyk wel deur een of ander ontdek en die saak gerapporteer word. Wat die publikasie van so 'n kennisgewing betref, sal die polisie wel voor sorg dra dat dit gratis verskyn.”

Met Gysbert en Maria het dit by uitstek voorspoedig gegaan, en hulle huislike lewe was gekenmerk deur liefde en verdraagsaamheid en 'n opregte strewe om mekaar se laste so draaglik moontlik te maak, onder die bewussyn dat waar liefde en vrede woon, die Heer Sy seën gebied.

Net omtrent die tyd dat Johannes vermis is, het Gysbert 'n aanbod ontvang van die firma waar hy bestuurder van was, om op goeie terme opgeneem te word as vennoot in die firma, en die aanbod het hy gretig aangeneem.

Met Pieter en Martha, daarenteen, het dit nie so voorspoedig gegaan nie. Hulle was wel innig aan mekaar verbonde, maar Pieter het darem nie uitgeblink as prokureur nie, daar hy nie skrandere genoeg vir so 'n taak was nie, en baie maal moes ondervind, met die verdediging van sake, dat sy opponente sy argumente so uit die verband ruk dat hy by



homself verwonderd was dat hy so 'n punt aangeroeer het.

Sy inkomste, alhoewel voldoende vir hom en sy vrou om fatsoenlik van te lewe, het darem nie die kooplus van Martha bevredig nie; en dit het ten gevolge gehad dat Pieter baie maal sy kop moes krap en planne beraam hoe om sy krediteure tevrede te stel. By sekere geleentheid het Martha in opgewondenheid haar woning verlaat, 'n trem na die stadsaal geneem, om daar weer oor te klim in 'n Kensingtonse trem, en sodra sy die plek van haar bestemming bereik het, uit die trem geklim en voortgesnel in die rigting van haar suster se woning, wat sy uitasem bereik het; en sy het haar die volgende meegedeel:—

„Mevr. Bergkamp en 'n ander dame was vanmiddag by my op besoek. Mevr. Bergkamp is afkomstig van Pretoria, en sy het my meegedeel dat die lyk van 'n manspersoon in die omgewing van Pretoria ontdek is. Dit was al in 'n vèrgevorderde staat van ontbinding, en volgens die beskrywing van die klere kom dit ooreen met dié van ons vader toe hy so geheimsinnig verdwyn het. Papiere het hulle nie op die lyk gevind nie, maar in een van die sakke was 'n goue horlosie met 'n K op die dop daarvan gegraveer. Dit is maar seker arme Pa se lyk en, wie weet, is dit ook maar beter so, want as hy in die toe-

stand moes gebly het waarin hy twee jaar gelede verkeer het, dan was hy tog nutteloos vir die samelewing, en moontlik nog 'n las vir ons.”

„So sal ek voorwaar nie oor ons dierbare vader redeneer nie, en ook is dit in stryd met die Vyfde Gebod; en as ek vandag sou weet waar hy te vind was, sou ek alles opoffer om hom terug te vind, en dan sal hy nie vir my 'n las nie, maar 'n lus wees. Die lyk wat daar gevind is, kan ook nie dié van ons vader wees nie, want hoe kan die klere van twee jaar gelede nog herken word? Wat die horlosie betref, wil ek erken dat dit moontlik dié van ons vader is; maar hy kon dit verloor het, of dit kon gesteel geraak het, en sodoende in die besit van die persoon gekom het wat daar as 'n lyk ontdek is.”

Net omtrent 'n maand ná hierdie gesprek en ongeveer twee jaar nadat Johannes weggeraak het, word daar aan die voordeur van Pieter se woning geklop. Met Pieter het dit toe maar nog hang en wurg gegaan, maar tog darem beter as 'n jaar gelede, deur geldelike steun van Gysbert.

Toe die geklop aan die voordeur verneem word, was daar net 'n aantal dames en hêre aanwesig wat deur Pieter en Martha onthaal word.

**F**

Martha het juis net dié dag 'n nuwe kostuum van haar modemaakster ontvang. Die pronkstuk was vervaardig uit donkerblou, geblomde sy, met 'n rand van geel rosies rondom die soom, wat net haar knieë bedek het. Die hals was so laag as wat fatsoenlikheid dit sou toegelaat het, en die moue so kort moontlik. Haar hare was spesiaal vir die geleentheid deur 'n haarkapper bewerk, en sy moes geen tyd in haar toiletkamer ontsien het om haar die vertoning van 'n waspop te gee nie.

Toe Martha die geklop verneem, het sy skielik opgestaan, haar ekskuus gemaak en voortgesnel in die rigting van die voordeur, met die vermoede dat dit een van haar gaste was wat tognogtoe nie opgedaag het nie—en watter indruk sou haar kostuum met so 'n skielike vertoning tog nie maak nie! Met dié gedagte besiel en 'n lieflike glimlag op haar gelaat, maak sy die deur oop. Maar goeie genugtig, hoe het sy geskrik en haar gelaat so verander dat sy nou met verwilderde oë en oophangende mond haar vader beskou, want hy staan toe lewensgroot voor haar, en in haar oë het hy meer na 'n voëlverskrikker as na 'n mens gelyk.

Wat gesondheid betref, het Johannes daar goed uitgesien, maar sy kleredrag het die hoogmoedige Martha so byna die stuipe laat

kry. Sy hoed was so 'n langwerpige vale, waarvan die rande regaf gehang het, wat die vertoning gehad het van 'n halfoopgemaakte sambreel; sy baadjie was oud en verslete, met uitgerafelde moue; sy broek, met twee lappe op die knieë, was te kort; en sy voete, met onpaar sokkies, was in twee verslete vel-skoene gestee. En, om die ellende te bekroon, het hy nog 'n kerie oor sy skouer gehad waaraan 'n bondeltjie en 'n swartgebrande blikemmertjie hang.

Martha het so stadig haar hand uitgesteek om haar vader te groet, maar haar linkerarm om die halfgeopende deur geslaan, uit vrees dat hy haar sou soen. Totnogtoe het Johannes nie 'n woord geuit nie, en Martha het haastig die deur uitgestap en haar vader gewink om haar na 'n buitevertrek in die agterplaas te volg, wat diens gedoen het as verblyfplaas van 'n bediende wat toevallig afwesig was. Martha se plan was om haar vader daar te versteek, sodat haar gaste niks van sy teenwoordigheid sou weet nie, en sodra hulle dan vertrek het, sou sy met behulp van Pieter 'n ander plan probeer maak.

Uit skaamte het sy darem haar vader gevra toe hy plaasneem op 'n seepkissie: „En hoe gaan dit nog met Pa?”

„So, my kind, nog maar soos Oupa altoos gesê het: „Wie op die hoë God vertrou, het seker nie op sand gebou nie.””

„Wat op aarde help dit om op God te vertrou as, iemand onder sulke omstandighede verkeer soos Pa nou?”

„Omdat iemand wat op God vertrou, nooit sal beskaam word nie, en ook is hy op 'n rots gefondeer. Jy sal seker nog onthou hoe Oupa altoos gesê het : „Die skyn bedrieg dikwels.’ En, my kind, jy moet nooit oor iemand 'n oordeel vel as jy nie meer kennis van hom dra of wil dra as net sy klere nie, want wat help dit om met sy en juwele te pronk en jou hart is nie rein nie? „Al wie hoog is van hart, is die Heer 'n gruwel.’ ”

Daarop het Martha vertrek, want die laaste woorde van haar vader het haar meer geërg as gestreel, en ook was sy van oordeel dat, aangesien haar vader sy toevlug na haar geneem het, hy sy sedepreke agterweë kon gelaat het.

Met Martha se terugkoms in die sitkamer het haar gaste dadelik bespeur dat daar iets buitengewoons met haar moes plaasgevind het, en spoediger as die gewoonte was, tot haar vreugde, het hulle vertrek.

Sodra sy en Pieter alleen was, het sy met trane in haar oë hom alles meegedeel, en toe voeg sy nog by, met 'n gestamp van haar voet op die vloer : „Ek weet nie wat die Here daarmee voorhet om 'n mens so te teister nie,

want wat die ongeluk gaan 'n mens met so 'n ou siel aanvang wat nie in staat is om 'n behoorlike pak klere te verdien nie?”

„En waar het jy die ou gelaat?” verneem Pieter.

„In die buitekamer. Maar ons sal hom darem iets te ete moet gee, want hy het seker nog nie vandag geëet nie.”

„Ja, dit kan ons doen,” sê Pieter, „en ons sal verplig wees om die ou so vir 'n dag of wat hier te hou, en môre sal ek dan vir die ou by 'n twedehandswinkel 'n uitrusting koop en dan probeer om vir hom iets in die myne te doen te kry.”

Daarop het hulle 'n bord kos na die buitekamer geneem, maar hulle gewaar toe dat Johannes nie meer daar was nie.

„Dit lyk vir my of die ou nogal daarvan hou om so kort-kort weg te raaak; en dis ook maar beter so, want as die ou 'n vreemdeling was, sou ek hom gou laat begryp het waar Dawid die wortels gegrawe het. Maar aangesien hy jou vader is, sal ons verplig wees om darem 'n bietjie meer verdraagsaam te wees. Maar kom sal hy tog weer, want waar die ongeluk wil hy dan nogal belande? Of hy moet na Gysbert en Maria toe wees—as hy nog nie daar was nie—om hulle ook so ,aangenaam te verras' met 'n vlugtige besoekie.”

Van Yeoville deur 'n kloof gaan 'n voetpad na Judithspaarl, en daarlangs het Johannes hom begewe in die rigting van Kensington na Gysbert en Maria se woning; en so teen sonder het hy daar ook aangeklop.

Gysbert het die deur oopgemaak en met hartlike groete Johannes verwelkom. „My tyd,” sê hy, „dit is 'n aangename verrassing! Kom binne, Pa!” Johannes het hom 'n bietjie huiwerig voorgedoen, en Gysbert wou hom as 't ware binnetrek.

„Wag eers 'n bietjie,” glimlag Johannes, „beskou my eers reg en dink dan of dit wel voeglik sal wees om in so 'n gewaad in jou huis te stap—en moontlik is daar nog gaste.”

„Kom maar gerus binne, Pa! Gaste of nie, dit is my huis, en Pa is hartlik welkom.”

Maria het die gesprek by die voordeur verneem, en byna van blydschap beswyk toe sy gewaar dat die persoon met wie Gysbert praat, haar vader was. Hartlik het sy hom omhels, haar dankbaarheid uitgespreek en die Liewen-Heer in die hemel gedank dat Hy haar vader nog in lewe en gesondheid gespaar het; want nieteenstaande haar gesprek met haar suster 'n maand gelede, het sy ook al die vermoede dat haar vader moontlik al dood is, aangesien hulle nooit iets van hom sedert sy vertrek verneem het nie as behalwe die berig van mevr. Bergkamp aan haar suster.

„Allawêreld,” sê sy, „dit is ’n aangename maar onverwagte verrassing,” onderwyl sy haar oë afdroë. „Pa sien daar so gesond en sterk uit—en hoe gaan dit nog?”

„Eersteklas, my kind, en feitlik niks om oor te klae nie,” antwoord hy toe hy plaasneem in ’n netjiese en goed gemeubileerde voorkamer; „maar om nadere inligting moet julle my verskoon. Môre, as ek nog leef, sal ek seker weer oorkom om saam met julle ’n middagmaal te nuttig, en dan sal ek julle alles breedvoerig meedeel wat met my gebeur het sedert my vertrek van hier twee jaar gelede; maar nou is daar nog sakies wat moet gereël word en my afwesigheid tot môre vereis. Intussen kan julle heeltemal gerus wees.”

„Maar ons kan onmoontlik toelaat dat Pa nou alweer vertrek,” protesteer altwee tegeelyk; „en,” voeg Maria daaraan toe, „dit sal vir ons ’n innige vreugde en genot wees as Pa maar nou vergoed by ons wil inwoon en die eensame swerwerslewe staak.”

„Daarvoor bly ek julle hartlik dankbaar, kinders, en ek neem julle opregte aanbod met blydschap aan, want dan kan ek ook, net soos Oupa, toe jy en Martha nog klein was, my weer in julle klein Johannes verheug.”

„En hoe weet Pa dan dat daar ’n klein Johannes is?” lag sy.



„My kind, so af en toe het ek Johannesburg besoek, en sonder dat iemand daar bewus van was, alle inligting omtrent julle ingewin; en aangesien julle nog almal in die lewe was en daar niks was waaroor ek my hoef te bekommer nie, het ek dit goed gedag, dog met 'n doel, om my verskyning uit te stel tot vandag toe; en die dag toe klein Johannes gedoop is, was sy oupa sonder julle wete in die Irene-kerk teenwoordig. Toe was dit vir my so opvallend dat hy my volle naam gekry het, want volgens reg en gewoonte moes hy na Gysbert se vader geheet het. Kinders, verder moet julle nou nie beswaar teen my vertrek opper nie; en om seker te maak,” lag hy, „soos ek belowe het, om môre weer te kom, sal ek hierdie kerie met die bondeltjie hier laat—maar bewaar dit sorgvuldig.”

En hoe hulle hom ook al teëgegaan het, het Johannes tog vertrek sonder om 'n woord van sy ontmoeting met Martha te rep.

Nog dieselfde aand het Pieter en Martha oorgekom met die trem om te verneem of Gysbert en Maria nie moontlik iets van hul vader gewaar het nie, en om ook uit te vind, as hy hulle ook besoek het, wat hy van hulle gesê het.

„Pa was hier,” sê Gysbert, „maar is weer weg om seker sakies te reël; maar hy sal môre weer kom, en hy het ons belowe om dan vergoed by ons in te woon; en ek het ook al

besluit, as Pa sy toestemming daartoe wil gee, om hom 'n verantwoordelike posiesie in ons besigheid aan te bied.”

„Dit is darem goed, Gysbert,” sê Pieter met verligting, „dat jy vir die ou wil voorsiening maak, want volgens mededeling van Martha het hy dit broodnodig; maar Martha het haar darem vandag vreeslik geskaam toe die ou daar in so 'n uitheemse gewaad opgedaag het.”

„Ja,” voeg Martha by, „en dan nogal met 'n huis vol mense! Onder die omstandighede kon ek hom onmoontlik binnenooi, en ek was toe maar verplig om hom na 'n buitevertrek te neem.”

„Of die meid se kamer,” sê Gysbert met verontwaardiging. „Martha, jou handelwyse met jou vader is nie net afkeurenswaardig nie, maar betreurenswaardig, en dit vorder 'n sterk veroordeling. Dink maar net wat hy as vader vir jou gedurende jou leeftyd verduur het; watter opofferings hy hom moes getroos het, en watter smarte hom oorweldig het, en watter verliese hy gely het— en om dan iemand in so 'n toestand te verag en te verstoot, is hartverskeurend. En kyk, Pieter, ek ag dit ook my plig om 'n woordjie van vermaning aan jou te rig. Ek waardeer en respekteer die vader van my vrou net soos my eie, en jy, terwille van jou vrou, behoort dit ook te doen; maar nie van hom, in die

teenwoordigheid van sy kinders, as ,ou’ te praat nie. As jou hoogmoedige gevoel dit nie wil toelaat om hom as vader te respekteer nie, dan sou ek jou beleef aanraai om in gevolg van hom as ,meneer Truter’ te praat, want sy eerwaardigheid en opvoeding vorder dit.”

Gysbert se vermaning het Pieter en Martha glad nie in die smaak geval nie. Vir Pieter sou dit nie betaal het om besware te maak nie, en Martha moes maar, kop voor die bors, in ontvangs neem wat aan haar uitgedeel is as verdiende loon.

Daar die geselskap vir Pieter en Martha ’n onverwagte wending geneem het, het dit alle aantreklikheid vir hulle verloor, en so-doende was hulle spoediger in die trem op weg huis-toe as wat hulle van plan was.

Die volgende dag het Johannes met sy pragtige nuwe Rolls-Royce met sy motorbestuurder die Carlton-Hotel verlaat en hom oor Hospitaalheuwel na Yeoville begewe en voor Pieter en Martha se woning laat stilhou. Hy was natuurlik spesiaal vir die geleentheid gekleed en, net soos gister, weer aangeklop.

Pieter en Martha het altwee na die deur gekom om dit oop te maak, en brom-brom het Pieter gemompel: „Dis seker weer die ou,” want die motorkar was so geruisloos dat hulle dit nie gewaar het nie. Toe hulle die deur oopmaak, het hulle in twyfel verkeer

wie die vreemdeling mag wees, want hulle het hom nie dadelik herken nie; maar sodra hulle bespeur dat dit werklik hul vader was, het met bliksemsnelheid 'n ander gedagte by hulle opgekom: dat daar meer agter hierdie gebeurtenis moes skuil as wat hulle van bewus is; en meteens het Martha na vore gesnel om haar vader te omhels, maar hy het met 'n ernstige trek van verdriet op sy gelaat haar minsaam afgeweer met die doel om 'n dieper indruk op haar gedrag van gister te maak. Pieter het met oopgerekte oë deur sy knypbril gestaar en so verskriklik keel skoongemaak dat dit haas onmoontlik was om te begryp wat hy eintlik wou sê, maar eindelijk het hy in verwarring sy hand uitgereik en gesê: „Nee, dankie, dit gaan nog goed,” maar dadelik sy begane fout agtergekom en dit herstel met: „Ag, ek bedoel: hoe gaan dit nog, Pa?” en hy nooi Johannes na binne.

„Nee, dankie,” sê Johannes, „ons kan maar weer na julle bediende se kamer gaan, want ek wil julle iets meedeel.”

Met hierdie versoek wou hulle om die dood nie instem nie, en met betraande oë het Martha haar betreurenswaardige gedrag van gister bely en haar vader om vergifnis gesmeek, maar sy het darem haarself probeer verontskuldig deur voor te gee dat dit 'n poets was wat haar vader haar gebak het.

„Ja,” werp Johannes laggend teë, „maar dan moet jy *poets p-r-o-e-f* spel. En, wie weet, dalk bak ek julle nou weer ’n poets, want watter versekering het julle dat die gewaad waarin ek nou verskyn nie ’n geleende of tweedehandspak is en daardie motorkar ’n gehuurde nie? Maar wat sal ons nou verder gesels? Ek vergewe jou alles, my kind!” Hy omhels haar toe en groet Pieter met ’n hartlike handdruk asof hy net aangekom het.

„Ek het aan Gysbert en Maria gister belowe dat ek vanmiddag by hulle sou kom eet, en nou het ek met dié doel oorgekom om julle te versoek om my te vergesel, want dit sal aangenaam wees as ek my lotgevalle sedert my vertrek twee jaar gelede meedeel. Kom ons gaan nou maar eers binne, want moontlik is julle nog van plan om eers ander klere aan te trek.”

’n Rukkie daarna het aldrie weer hul verskyning gemaak, in ’n vrolike stemming in die motorkar plaasgeneem en voortgesnel na Kensington. Toe hulle uitstap uit die motorkar, het Johannes die bestuurder aangesê om na die Carlton terug te gaan en verdere instruksies daar af te wag. Met hulle aankoms was Gysbert en Maria op die stoep van hulle woning, en het hulle gedurig in die rigting van Johannesburg geloer of hulle nie moontlik hulle vader gewaar nie; maar toe Johannes in geselskap van Pieter en Martha die

motorkar uitstap, kon hulle vereers nie kop of stert uit die affêre wys word nie. Meteens stap Gysbert die stoeptrappe af om hulle te verwelkom, en kopskuddend merk hy op toe vir Johannes groet: „Ek begryp, ek begryp!”

„En toe, Pa,” skaterlag Maria, vooroorgeboë met haar hande inmekaargeslaan, „ek het nooit kon dink dat Pa die kierie met die goedjies wat daaraan vas is, op so ’n wyse sou kom afhaal nie.”

„Nou ja,” sê Johannes, nadat hy Maria omhels het en almal die huis vrolik binnestap na die voorkamer, „bring nou daardie kierie met die goedjies daaraan hier, dan sal ek julle laat sien hoe waar Oupa se gesegde altyd was dat die skyn dikwels bedrieg.”

Daarop het Maria die kierie gaan haal, en met ’n skaterlag en tot groot vermaak van almal die kamer binnegestap met die kierie oor haar skouer, sodat die bondeltjie en die swartgebrande emmertjie agter haar rug hang net soos haar vader dit gister gedra het.

Johannes het dit in ontvangs geneem en omhoog gehou onderwyl hy opmerk: „As ek hierdie boeletjie nou op die mark te koop sou aanbied, sou hulle my uitlag; maar so gaan dit as ’n mens ’n oordeel op die uiterlike vel.” Hy sny toe met ’n knipmes die sakkie oop en ongeërg haal hy twee rolle tienpondnote te voorskyn van vyfhonderd pond elk en oorhan-

dig aan Martha en Maria elk 'n rol, en hy voeg toe daarby dat dit 'n geringe deel was as vergoëding vir die leed wat hulle sedert die omwenteling op Geduld moes verduur het.

„So,” sê Johannes toe hy die kerie met die goedjies daaraan opsy sit, „julle het nou julle diens verrig en julle kan nou maar na die ashoop verwyder word.”

Martha en Maria het hulle vader met 'n hartlike soen bedank, en Maria het van die kerie, die sakkie en die emmertjie besit geneem.

„Ek sal hierdie gedagtenis in bewaring hou om later aan klein Johannes, as God hom mag spaar, as erfstuk te oorhandig, en ook om die waarde van die Vyfde Gebod op sy hartjie af te druk.”

Die onskuldige woorde van die niks vermoedende Maria was net soos dolksteke in haar suster se hart.

„Maar wag,” sê Maria toe sy die goedjies wou gaan bêre, „gister was dit so 'n opskudding en haas dat ek vergeet het om klein Johannes aan sy oupa voor te stel, en toe het hy geslaap, en nou slaap die klein skelmpie alweer.”

Kort daarna het sy met haar eenjaaroud-en laggende seuntjie opgedaag en hom op sy oupa se skoot geplaas.

Onwillekeurig het daar trane in Johannes se oë gekom, want die seuntjie was die ewebeeld van sy ouma; en toe hy op die nog laggende mondjie daarvan 'n soentjie afdruk, het die klein ding sy handjies weerskante om sy oupa se gesig gelê en met 'n ernstige blik sy oupa bewonder asof hy wou sê—iets wat Helena so dikwels gedaan het: „My tyd, Johannes, waar kom jy nou vandaan?”

Met dié gedagte kon Johannes sy trane nie bedwing nie, en het hy hardop uitgebars toe hy die kindjie weer aan sy moeder oorhandig. Martha en Maria het die gevoel van hulle vader by die kennismaking met klein Johannes beter verstaan as wat woorde daartoe in staat is om dit te beskrywe.

Ná die ete het almal na die voorkamer gekeer om die lotgevalle van Johannes gedurende sy lang afwesigheid te verneem. Dit was 'n Woensdagnamiddag, en al die besighede was gesluit, en ook het Pieter nie die dag sake gehad wat hy in die hof moes verdedig nie.

„Gysbert,” so begin Johannes, „jy sal jou nog herinner hoe jy op sekere dag daarop aangedring het dat ek 'n betrekking moes aanvaar in die firma waar jy nou vennoot van is, en byna het ek ingewillig; maar juis dié dag het ek in Belgravia die speurder Copper, van wie ek julle vertel het, op die lyf geloop. Copper het my gewaar, en in plaas van my



te kom groet, het ek gemerk dat hy geskrik het en my wou ontduik. Dié vreemde handelwyse het dadelik by my agterdog verwek, en ek het hom ingehaal. ‘Copper,’ sê ek toe ek my hand op sy skouer lê, ‘hoe lyk dit of jy my nie meer ken nie?’ ‘Allawêreld! meneer Truter,’ antwoord hy, ‘ek het jou regtig nie geken nie—en hoe gaan dit nog?’

„Nee, goed. Maar het jy al moontlik iets van Reckless verneem?’

„Nee, niks nie,’ was sy kortaf antwoord, ‘maar ek is darem nog op sy spoor, en sodra ek daarin slaag om hom te arresteer, sal ek jou die wete doen.’

„Het jy al moontlik die nuwe delwerye op Lichtenburg besoek?’ verneem ek toe weer.

„Daar is nie ’n steen onaangeroerd gelaat nie, en om hom daar verder te probeer opspoor, sou myns insiens tydverspilling wees.’

„Maar moontlik,” laat ek sarkasties daarop volg, ‘het jy al sy gelaatstrekke vergeet; want as jy my nie meer onthou nie, dan is hy veilig.’

„Sy gelaatstrekke mag ek moontlik vergeet, maar daardie getatoeëerde *K* sal nooit my aandag ontsnap nie,’ werp hy teë.

„Dit wil sê,’ sê ek spottend, ‘as mense, by voorbeeld, met hulle ontblote arms in die straat rondwaal?’

„Meneer Truter,’ verander hy van koers, jy sal my asseblief moet verekskuseer, want op die oomblik het ek dringende besigheid om te verrig. Gee my jou adres, dan sal ek jou môre ’n besoek bring en dan kan ons ’n behoorlike onderhoud hê.’

„Ek het dit gedoen, maar, nodeloos om te sê, hy het nooit opgedaag nie, en ek het hom ook nooit weer gesien nie.

„Op die oomblik het ek toe besluit om my huisraad maar te verkoop en na Lichtenburg te gaan, met die doel om afleiding te soek en ook, as dit moontlik was, om Reckless op te spoor. ’n Maand daarna, nadat ek die Bloemhofse delwerye besoek het, was ek op Lichtenburg, en ongemerk het ek die wemelende massas op die verskillende delwerye dopgehou.

„Op ’n goeie dag het ek die hotel waar ek geloseer het, per motorkar verlaat, en op inligting wat ek ingewin het, na Grasfontein gegaan. Op weg daarheen ontdek ek dat ek my horlosie in my slaapkamer vergeet het, en omdat dit so kenbaar was met die K daarop gegraveer, het ek dit aan die polisie gerapporteer, dit agtien maande daarna weer teruggevind, en nou nog in my besit, wat later geblyk het werklik die eienendom van julle moeder se broer Kasper was.”

„O,” sê Martha, „nou begryp ek die storie van mevr. Bergkamp. Die horlosie was ont-

dek op die lyk van 'n onbekende in die distrik Pretoria.”

„Ja, so het die polisie my meegedeel,” bevestig Johannes. „Kort nadat ek op Grasfontein aangeland het, kom ek op 'n man by 'n sorteertafel af wat met gespanne aandag besig was om met 'n skraper in sy regterhand die nat, gewaste diamantgruis te deursnuffel, en sy linkerarm, wat ontbloot was, langs die gruis op die tafel laat rus, waarop ek 'n prominent getatoeëerde *K* bespeur!

„A,' dag ek, 'dit is my man.' Ek wou in sy rigting gaan, maar toe is ek deur een van Reckless se werkers vermaan—want dit was inderdaad Reckless by die sorteertafel—dat toegang verbied was; maar ek het die persoon opsy gestoot en die niks vermoedende Reckless op sy skouer getik en toe ewe ongeerg opgemerk: ‚A, Reckless, leef jy nog?’ Verbouereerd het hy orent gesprong en die skraper uit sy hand laat val toe hy merk dat dit ek was. Dood van die skrik roep hy verward uit: ‚Net soos ek verwag het! Hoe het jy dan daarin geslaag om my op te spoor, meneer Truter?’ ‚Daar!’ sê ek op my gemak, en ek vestig sy aandag op die *K* op sy arm. Haastig het Reckless die werksaamhede gestaak en my versoek om hom na sy tent te volg.

Ek het 'n sterk vermoede gehad dat sy plan was om my in sy tent af te maak of om te ontsnap, en ek het my daarop voorberei en my rewolwer in my baadjiesak in gereedheid gehou. In sy tent het hy my 'n stoel aangebied en self plaasgeneem op 'n ander langs 'n skryftafel wat belaaï was met boeke en papiere; en sonder om 'n woord te uit het hy 'n tjekboek te voorskyn gehaal en toe op 'n ander stuk skoon papier met 'n vulpen 'n berekening gemaak.

„Die rente,' so begin hy, 'op drieduisend pond vir 'n tydperk van drie jaar teen ag persent, is sewehonderd-en-twintig pond— dus is ek nou aan jou 'n bedrag van drieduisend-sewehonderd-en-twintig pond verskuldig. Dit sal my 'n genot wees om dit nou te vereffen.' Daarop het hy 'n tjek vir dié bedrag uitgeskrywe en dit as 'John Keating' onderteken en aan my oorhandig. Ek het die tjek in ontvangs geneem, dit gelees en in my sak gesteek, nog altoos onder die vermoede dat daar weer een of ander skelmstreek aan die gang was; maar voordat ek nog 'n woord kon uit, laat hy hom as volg hoor: 'Ek weet, meneer Truter, dat jy my nie vertrou nie, en ek neem jou dit ook nie kwalik nie. Ek sal jou vergesel na die bank en jou ook daar voorstel.'

„Maar nog voor ons vertrek, het hy een van die laaie van sy skryftafel oopgetrek en

my 'n brief getoon van sekere Koster waarin dié hom bedank vir die ontvangs van oor 'n duisend pond.

„,Daar weet ek ook van,' merk ek so terloops op toe ek hom die brief teruggee.

„,So?' sê hy verwonderd. ,En hoe het jy dit te wete gekom?'

„,Deur Copper,' antwoord ek.

„,Copper?' herhaal hy met veragting. ,Kom, meneer Truter, laat ons maar eers na die bank gaan om die verdenking wat jy omtrent my koester, uit die weg te ruim.'

„Met sy motorkar het ons na die bank gegaan, en in die bank in Reckless se teenwoordigheid—want ek was nog onder die indruk dat sy naam Reckless was—het ek die tjek aangebied. Die bankklerk het eers na Reckless en toe weer na my gekyk, en hy draai die tjek toe om en bespeur dat my naamtekening agterop ontbreek.

„,Sal u so goed wees, Meneer, om dit te endosseer?' versoek die klerk, en hy skuiwe die inkpot en pen nader. Toe ek nog besig was om die tjek te endosseer, het die klerk al verskeie pakke note op die toonbank geplaas, en hy vra toe: ,Maar, Meneer, sal u nie liever 'n bankrekening wil open nie?' Ek het so gemaak en 'n tjekboek gekoop, en ek het weer saam met Reckless in sy motorkar geklim en na sy tent teruggekeer.

„Met ons aankoms daar het ons weer ons vorige sitplase ingeneem, en toe versoek hy my om te sê waarom ek hom as Reckless aanspreek.

„,Ek het,’ begin hy, ,nog nooit van so ’n naam gehoor nie. Wel het ek onder die skuilnaam van Kasper Uys kwaad aangerig, maar onder geen ander nie. My naam is John Keating; en waar kom jy aan die naam Reckless?’

„,Ook weer Copper,’ antwoord ek.

„,Alweer dié walglike vent!’ druk hy met verontwaardiging uit. ,Gelukkig vir my, maar moontlik ongelukkig vir hom,’ vervat hy, ,het die valsaard twee weke gelede sy nek in ’n skag gebreek, en sodoende my uit sy kloue verlos. Copper was ’n skurk van die eerste water, en hy het my ver oortref; en vir die oningeligte het hy hom as ’n engel voorgedoen, en die kuns by uitnemendheid verstaan om met die medewerking van ’n ander diepsinnige bedrog te pleeg en self uit die vuur te bly. In die geweste van Queenstown, waar ek woonagtig was, het ek Kasper Uys en Copper leer ken. Ek was goed bevriend met Kasper, en met die loop van jare het hy my haarfyn alles meegedeel omtrent sy famielie en die gebeurtenisse verbonde aan sy kinderjare.

„,Copper het, soos hy voorgegee het, groot belang in Kasper gestel en goed sorg gedra

dat hy ook op hoogte van sake met Kasper se verlede was; en omdat ek die ewebeeld van Kasper was, het Copper daarop aangedring dat ek ook, net soos Kasper, 'n K op my linkerarm moes tatoeër, sodat, wanneer daar een of ander bedrog deur Copper met my ondersteuning sou gepleeg word—wat sonder my medewete al deur hom beraam was—, hy die onheil op Kasper kon afskuiwe.

„, Kasper is toe later deur gif wat hy sou gedrink het, aan sy einde gekom, en my vermoede was toe, maar nou nog meer, dat Copper die oorsaak van sy dood was. 'n Rukkie ná Kasper se dood het hy aan my 'n horlosie present gegee met 'n K op die dop daarvan gegraveer, en hy het voorgegee dat hy dit van Kasper gekoop het. Die horlosie was Kasper se wettige eiendom, en daarom het ek dit aan jou oorhandig toe ek op daardie onvergeetlike namiddag van Geduld vertrek het. En ook het 'n paar honderd pond van Kasper verdwyn, wat later geblyk het ook in besit van Copper te lande gekom het.

„, Agterdog het vir Copper in die dood van Kasper gewikkel, en toe het hy homself probeer red en vir my in die val laat loop, maar gelukkig het daar niks van gekom nie. Die agterdog teen Copper kon nie met feite gestaaf word nie, en so was ons altwee vry.

„, Dit was ook Copper wat met sy in-nemendheid Koster daartoe beweeg het om

my in sy diens te neem, en, deur Copper aangevuur, het ek Koster onderdeur gespring met duisend pond, wat ek gelukkig weer ver-effen het. Die helfte van die bedrag het ek aan hom oorhandig, en uit my deel het ons op Queenstown 'n motorkar gekoop, en, gewapen met die inligting deur Kasper ver-strek aangaande julle, het ons na Geduld vertrek.

„,Op die dorp en in die hotel waar ons die namiddag stilgehou het, het Copper hom bevind, en daar het ek die volle bedrag wat ek die dag deur julle bemiddeling in die bank getrek het, aan hom oorhandig; en 'n week daarna was hy met dieselfde motorkar op Geduld en hom toe as 'n speurder voor-gestel met die doel om julle van koers af te bring, en hy het voorgegee dat die Speurders-departement daarop uit was om my te arres-teer.

„,Later het Copper en ek hierheen gevlug, en hier was ek op 'n wonderbaarlike wyse geseën; en om van Copper ontslae te raak, daar hy in 'n uiters moeilike posiesie verkeer het, het ek besluit om aan hom duisend pond uit te betaal, op voorwaarde dat hy my in die vervolg met rus moes laat. Copper het ingewillig, en toe het ek hom 'n dokument laat teken wat hy met al sy skrandersheid dom genoeg was om te teken, dat hy die moor-



denaar van Kasper was en die dief van Kasper se geld.

„Daarna het ek met rus gelewe tot drie weke gelede, toe Copper onverwags weer sy verskyning maak—iets wat hy volgens ooreenkoms nie durf gedoen het nie, en ook nie sou gedoen het nie, was dit nie dat hy jou in Johannesburg ontmoet het nie. Hy het my maar net kom waarsku, meer uit vrees vir homself as vir my, want hy wis dat, as ek in die hande kom, dit met hom ook klaar is. Maar ’n week daarna was dit met hom vir ewig klaar, omdat hy Johannes Truter ontmoet het!

„Ek het my nie groot aan Copper se mededeling gesteur nie, want toe het ek al ’n ernstige besluit geneem om sover moontlik te herstel wat ek deur my bedrog verwoes het. En, meneer Truter, wat ek jou nou wil meedeel wat die beweënde oorsaak van so ’n besluit was, sal jy na alle waarskynlikheid nie glo nie; en as ek in jou plaas was en John Keating so ken as wat ek hom geken het, sal ek dit ook nie glo nie—maar tog is dit waar. Ses maande gelede het ek een Sondag uit nuuskierigheid na die kerk gegaan, en ook omdat ek niks anders te doen gehad het nie. In die kerk het ek die aanbiddende menigte bewonder en so nagedink wat tog nou eintlik die oorsaak kan wees dat daar nog mense is wat hulle tyd kon opoffer aan sulke

dienste, wat blykbaar die menigte wat dit bywoon net so onverskillig laat. Toe ek nog besig was met my gedagte, het die dominee sy verskyning op die preekstoel gemaak, en daar was so 'n vriendelike en tevrede trek op sy gelaat, wat al 'n diep indruk op my gemaak het; maar die indruk was gou uitgewis deur die gedagte dat hulle almal so vriendelik en tevrede lyk. Onder sy openingsgebed het ek al weer begin ongemaklik voel, want toe was dit asof die dominee net John Keating in sy gedagte gehad het, en onder meer God ernstig gesmeek het om die harte van die „in die klei verborge diamante” onder sy gehoor te wil ontsluit deur Sy almag om die boodskap van Sy nietige dienskneg te ontvang, tot verlossing van hulle onsterflike siele.

„,Sy tekswoorde: „Wat die mens saai sal hy ook maai,” het, net soos 'n domkrag 'n wa uit sy vasvalplek uitlig, ook John Keating gered uit die poel van bedrog—die kweekskool van die Satan—en wêreldsgesindheid; en my, sonder dat hy daar bewus van was, in al my walglike, verfoeilike en veragtelike toestand aan myself geopenbaar, en my die weg aangetoon om my deur die redende en reinigende krag van die bloed van Christus op die Rots der Eeuwen te vestig tot in der ewigheid. En dit, meneer Truter, is die oorsaak van my besluit.